

## Waaroor gaan die jaar saam met God?

Hoe bring 'n mens jou geloof by jou daaglikse lewe uit? Hoe laat jy jou geloof grondvat?

Hoe maak 'n mens dit prakties?

Met *'n Jaar saam met God* bied ons 'n pakket aan waarmee ons gelowiges wil help om juis dit te doen. Dit bestaan uit dinge waaroor 'n mens moet nadink, maar ook dinge wat 'n mens kan doen.

Ons sluit aan by 'n ou hulpmiddel wat die kerk van Christus deur die eeue gebruik het: die kerklike jaar. Dit is iets wat in ons gereformeerde tradisie verwaarloos geraak het, maar wat in die afgelope twee of drie dekades herontdek is en opnuut benut word.

Die kerklike jaar deel die jaar op in verskillende seisoene. Die eerste helfte gaan grootliks oor hoe ons God in Jesus Christus leer ken, en die tweede helfte oor hoe ons Jesus in hierdie lewe volg.

Die eerste seisoen van die kerklike jaar is Advent, die seisoen van verwagting dat God iets sal kom doen. Daarna volg Kersfees, waarin ons die geboorte van Jesus vier. Na Kersfees kom Epifanie, waartydens ons nadink oor Jesus se aardse bediening. Daarna volg Lydenstyd waartydens Jesus se lyding, maar ook ons steflikheid en pyn en hartseer in fokus kom. Lydenstyd loop uit op Groot Heilige Week en Paasfees. Dit is die hoogtepunt van die kerklike jaar wanneer ons Jesus se kruisiging oordink en sy opstanding uit die dood vier. Na Hemelvaart volg Pinkster, waartydens die uitstorting van die Heilige Gees ons aandag vra. Dit vorm alles saam die eerste helfte van die kerklike jaar.

Die tweede helfte van die kerklike jaar staan bekend as Koninkrykstyd of Gewone Tyd. Dit is die tyd wanneer ons nadink oor hoe ons alles wat ons oor God geleer het tydens die eerste helfte van die kerklike jaar, op die gewone lewe toepas. Dan vra ons hoe ons die koninkryk van God in die gewone laat sigbaar raak.

By elke seisoen is daar 'n klompie elemente wat ons aanbied:

- Daar is 'n inleidende gedeelte waarin ons 'n bietjie meer vertel oor die seisoen en die geloofsinhoude wat hier ter sprake kom.
- Telkens word daar Bybelgedeeltes aangedui wat 'n mens tydens hierdie seisoen kan lees.
- Daarby kom gedigte wat by hierdie temas aansluit. Dit is gedigte wat in die erediens gebruik kan word, maar wat ook deur gelowiges op hul eie gelees en oordink kan word.

- Ons stel 'n klompie doendinge voor wat 'n mens kan help om die sake wat in dié tyd oordink word, op 'n manier konkreet te laat word.
- Ons stel 'n paar gesprekstemas en gespreksvrae voor waaroor gelowiges saam kan gesels - hetsy in die gesin, in 'n kleingroep of waar 'n mens dit ook nuttig mag vind.
- Ons verwys na musiek wat by die betrokke seisoen pas.
- Daar word disse voorgestel wat 'n mens in hierdie tyd kan geniet en resepte word daarvoor gegee.

Ons bede is dat dít alles gelowiges sal help om die lewensreis saam met God en bewus van God aan te pak.

Met dit alles gesê, is daar 'n paar dinge wat nodig is om te verstaan.

Die eerste is dat die kerklike jaar nie 'n stel reëls is wat slaafs nagevolg moet word nie. Dit is 'n hulpmiddel om 'n mens te help verstaan en te help ervaar dat die lewe 'n reis saam met God is. Die doel is nie die kerklike jaar nie. Die doel is 'n lewe saam met God.

Daarom is hierdie ook nie die enigste of die “regte” vertolking van die eeue-oue tradisie van die kerklike jaar nie. Dit is 'n vertolking daarvan. Dit is ook 'n vertolking van die kerklike jaar wat nie teenoor ander vertolkings daarvan afgespeel moet word nie. Verskillende vertolkings moet mekaar liewer aanvul. Uiteindelik is dit vir elkeen wat die kerklike jaar wil volg, om te besluit hoe dit hom af haar die beste gaan help.

Temas wat in die kerklike jaar aan 'n spesifieke seisoen verbind word, soos verwagting met Advent, of swaarkry met Lydenstyd, word nie noodwendig op daardie tye in 'n mens se lewe relevant nie. Die kerklike jaar is bloot so georden sodat 'n mens deur die loop van die jaar sistematies al die verskillende temas oordink. As 'n mens in rustige tye deur so 'n tema gewerk het, help dit 'n mens om 'n saak te hanteer wanneer dit jou lewe opduik.

'n Mens moet daarom nie huiwer om, as dit in jou lewensomstandighede gepas is, te gaan kers opsteek by temas wat op ander tye in die kerklike jaar ter sprake kom nie.